
# KINDERWERKKAART – Gen. 6:13 - 22

## Gehoorsaamheid

Om dinge te doen wat goed en reg is

Om die regte ding te doen al weet jy niemand kyk nie




## OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

- Lees deur **Genesis 6:13-22** saam met jou kind.
- Lê by jou kind vas dat God aan ons verskillende opdragte gee elke dag, sommiges is baie groot (soos om nie moord te pleeg nie) en sommiges is bietjie kleiner (soos om nie te jok nie) maar elke opdrag is ewe belangrik.
- God het vir Noag 'n baie moeilike opdrag gegee – Noag moes 'n ark (baie groot skip) bou in 'n tyd wat daar droogte was. Die mense het hom gespot en gedink hy is mal, maar steeds het Noag na God geluister.
- Noag was gehoorsaam aan God, selfs toe dinge moeilik geraak het en sy familie het op die ou einde die vloed oorleef.
- Ons moet luister na wat God sê en ons moet aan Hom gehoorsaam wees. Maak nie saak hoe groot of klein die taak is wat Hy vir ons gee nie.
- Sing saam lied 308 vers 1 en 2

**<u>Lied 308</u> (vers 1 & 2)**
Neem my lewe, laat dit, Heer
U gewy wees meer en meer.
Laat my hart gedurig juig
en in dankbaarheid getuig.
Neem my hande, maak hul sterk
diensbaar in U goeie werk.
Neem my voete, skoei hul Heer,
met bereidheid tot U eer.

# Werkkaart vir kindertjies (4-9 jaar)

Dit is belangrik dat ons na God **luister**, maar OOK **doen** wat Hy van ons vra – dus GEHOORSAAM wees aan Hom. Watter oor lei ons na God (die kruis)?






**<u>So gaan ek aan God gehoorsaam wees:</u>**

- Ek kan luister na wat my ma en pa sê
- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________

________________________________________

